

HOOFSTUK 10

TWEEDE EN DERDE EVALUERINGS : VERGELYKING VAN DIE RESULTATE VAN AL DRIE EVALUERINGS

10.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate aangebied van die tweede en derde evaluering en vergelyk met die eerste evaluering (vgl. par. 8.7.), om vas te stel of die kinders se leesvermoë verbeter het¹⁾.

Ter wille van vergelykingsdoeleindes word die resultate van die drie evalueringe saam aangebied, alhoewel die bespreking van die resultate van die tweede en derde evalueringe afsonderlik sal geskied, met 'n finale gevolgtrekking aan die einde.

10.2 AFNEEM VAN DIE TWEEDE EN DERDE EVALUERINGS

Die tweede evaluering het plaasgevind nadat die ondersoek afgehandel is, wat 'n jaar na die eerste evaluering was. Dieselfde toetse wat vir die eerste evaluering gebruik is (vgl. hoofstuk 7 en par 8.7), is ook met die tweede evaluering gebruik.

Die derde evaluering het nege maande na die tweede evaluering en 'n jaar en nege maande na die eerste evaluering plaasgevind. Dieselfde toetse wat gedurende die eerste en tweede evalueringe gebruik is, is weer gedurende die derde evaluering gebruik, met die uitsondering van die intelligensiemeting wat nie weer toegepas is nie, veral omdat 'n derde intelligensiemeting binne so 'n kort tydperk nie wenslik geag word nie.

1) Al die betrokke toetsresultate is by die ondersoeker beskikbaar, indien benodig.

10.3 VERGELYKING VAN DIE DRIE EVALUERINGS

10.3.1 Inleiding

Die drie evalueringse resultate word in tabelvorm aangebied. Die eerste twee evalueringse resultate sal eerstens met mekaar vergelyk en bespreek word. Daarna sal die derde evalueringse resultate met die van die ander evalueringse vergelyk word.

10.3.2 Bepaling van die leesouderdom (LO)

Die LO van die leerlinge is verkry deur die toepassing van die "Burt word reading test" soos beskryf in paragraaf 7.3. Die LO is gebaseer op die chronologiese ouderdom en is uitgedruk in jare en twaalfdes van 'n jaartensy anders vermeld .

Die gemiddelde LO en gemiddelde LV¹⁾ van die onderskeie groepe se drie evalueringse word in tabelle 10.1 aangebied.

Chronologiese ouderdom, leesouderdom, leesvertraging en leesverbetering word uitgedruk in jare en maande. Die jaar en maand word deur 'n punt geskei.

1) LV is leesvertraging

Tabel 10.1

LO, LV en LVb van die drie groepe by die drie evaluerings

Groep	Eerste evaluering			Tweede evaluering			Derde evaluering			
	IK	CO.1	LO.1	LV	CO.2	LO.2	LVb.1	CO.3	LO.3	LVb.2
A ¹⁾	115,6	11,2	8,11	2,3	12,2	13,5	3,6	12,11	13,11	3,3
B ²⁾	115,2	11,2	9,0	2,2	12,2	13,5	3,5	12,11	14,0	3,3
C ³⁾	117,1	11,3	9,0	2,3	12,3	11,11	1,11	13,0	12,0	1,3

Waar: CO.1 : chronologiese ouderdom; eerste evaluering
 CO.2 : chronologiese ouderdom; tweede evaluering
 CO.3 : chronologiese ouderdom; derde evaluering
 LO.1 : leesouderdom by eerste evaluering
 LO.2 : leesouderdom by tweede evaluering
 LO.3 : leesouderdom by derde evaluering
 LVb.1 : leesverbetering na een jaar = LO.2-LO.1
 minus een jaar wat die kinders ouer geword
 het
 LVb.2 : leesverbetering na 1,75 jaar = LO.3-LO.1
 minus 1,75 jaar wat die kinders ouer geword
 het
 LV : leesvertraging

Volgens hierdie evaluerings het groepe A en B met die tweede evaluering 'n leesverbetering van onderskeidelik 3,6 en 3,5 jaar getoon teenoor slegs 1,11 jaar van groep C. Groepe A en

- 1) Ouers ontvang voorligting.
- 2) Ouers ontvang voorligting en die leerlinge ontvang remediërende leesonderrig.
- 3) Slegs die leerlinge ontvang remediërende leesonderrig.

B het 'n algehele leesverbetering (LVB.2 in tabel 10.1) van 3,3 en 3,3 jaar respektiewelik getoon teenoor groep C se leesverbetering van 1,3 jaar.

Volgens hierdie ondersoek het dit duidelik geblyk dat die program wat groepe A en B gevolg het, meer bevorderlik vir leesverbetering was as die remediërende onderrig van groep C. Die terugval nadat die onderskeie programme gestaak is, is by groepe A en B kleiner as by groep C.

10.3.3. Die verwagte leesouderdomskwosiënt (L verw.K)

Die L verw. K van die drie groepe is vir elke evaluering deur middel van die volgende formule bereken:

$$L \text{ verw. K} = \frac{L \times 100}{L \text{ verw. 0}} \quad (\text{vgl. par. 8.7.5})$$

Hierdie drie evaluerings word in tabel 10.2 met mekaar vergelyk om die groepe se finale algemene vlak van leesvermoë te vergelyk met hulle verwagte leesvlak (vgl. par. 6.3.5.6 & 8.7.5).

Tabel 10.2

Vergelyking van die L verw. K

Evaluering	Groep A	Groep B	Groep C
1	72,58095	73,06733	72,20837
2	98,70463	99,18665	87,376
3	97,4542	97,79525	82,8685

Hierdie resultate is van die gegewens verwerk

waar die leesouderdom in jare en tiendes van 'n jaar uitgedruk is.

Maginnis (1972, p.750-753) meen dat die verskil tussen leerprestasie en leesverwagting normaal is wanneer die L verw. K tussen 90 en 110 val. 'n L verw. K van onder 90 toon 'n huidige onvermoë om op die verwagtingsvlak te lees en dat daar 'n leesafwyking teenwoordig is.

Volgens die L verw.K met die tweede evaluering toon groepe A en B dat daar 'n groot verbetering in hulle leesvermoë ingetree het. Met die derde evaluering het daar slegs 'n geringe verslapping by die twee groepe se leesvermoë ingetree. Beide groepe lees op 'n L verw. K van bokant 90, wat aantoon dat daar geen leesprobleme aanwesig is nie.

Groep C se L verw.K het met die tweede evaluering ook 'n goeie verbetering getoon, alhoewel hulle nog steeds op 'n vlak van onder 90 lees. Na die jaar remediërende onderrig was groep C nog steeds leesvertraagd.

Groep C het ook met die derde evaluering 'n groter terugval gehad as die ander twee groepe. Dit wil dus voorkom asof groepe A en B se leesvermoë meer baat gevind het by hulle programme as wat groep C gehad het by hulle program.

10.3.4 Vergelyking van die leeskwosiënt (LK)

Die leeskwosiënt vergelyk 'n persoon of 'n groep se huidige leesvlak met die leesvlak van kinders van die persoon of groep se eie chronologiese ouderdom (vgl. par. 6.3.5.7 & 8.7.6).

Die leeskwosiënt word met die volgende formule bereken:

$$LK = \frac{LO \times 100}{CO} \quad (\text{Westwood, 1975, p.13})$$

Die leeskwosiënte van die drie groepe gedurende die drie evalueringe word in tabel 10.3 vergelyk. Vir die berekening van die LK is die LO en die CO in jare en tiendes van 'n jaar uitgedruk.

Tabel 10.3

Vergelyking van die leeskwosiënte

Evaluerings	Groep A	Groep B	Groep C
1	80,07358	80,39901	80,37877
2	108,8852	109,2027	97,32827
3	107,5521	107,6489	92,32591

Volgens die berekening van die leeskwosiënt het groepe A en B ook 'n groter verbetering as groep C getoon. Groepe A en B het dus meer voordeel uit hulle programme geput as groep C.

Groepe A en B se langtermyn verbetering was ook beter as die van groep C omdat hulle terugval nadat die programme gestaak is, nie so groot

was asdié van groep C nie.

10.3.5 Toetsing van die hipotese

Die gestelde hipotese dat voorligting aan ouers (groep A) en voorligting aan ouers plus remediërende leesonderrig aan die kinders (groep B) meer waarde het as remediërende leesonderrig aan leesvertraagde leerlinge (groep C) word in hierdie paragraaf getoets.

Die statistiese gegewens van die drie groepe se leesverbetering soos blyk uit die tweede evaluering (LV.1), die derde evaluering (LV.2) en die algehele leesverbetering oor die hele tydperk van ondersoek (LV.3) word in tabel 10.4 aangebied.

Tabel 10.4

Vergelyking van die verbetering van die leesvermoë

i) Groep A

Gemiddeld			
\bar{x}_1	0,3602052	$0,1269003 \times 10^{-1}$	0,343694
Std. fout	$0,1831834 \times 10^{-1}$	$0,9007972 \times 10^{-2}$	$0,2351991 \times 10^{-1}$
Std. afwyking	$0,8192212 \times 10^{-1}$	$0,4028487 \times 10^{-1}$	0,1051843
Variansie (S1)	$0,6711234 \times 10^{-2}$	$0,1622871 \times 10^{-2}$	$0,1106373 \times 10^{-1}$
Kurtose	-0,5702989	1,338806	0,2332565
Skeefheid	-0,2512938	0,5399868	-1,1040357
Variasiebreedte	0,3164776	0,1889048	0,3954263
Minimum	0,1882160	$-0,9361382 \times 10^{-1}$	$0,7698259 \times 10^{-1}$
Maksimum	0,5046936	$0,95291 \times 10$	0,4724089

ii) Groep B	2e evaluering	3e evaluering	algehele verbetering
M (\bar{x})	0,3594675	$0,1321038 \times 10^{-1}$	0,3404097
Std. fout	$0,1840406 \times 10^{-1}$	$0,9137942 \times 10^{-2}$	$0,1831179 \times 10^{-1}$
Std. afwyking	$0,8230546 \times 10^{-1}$	$0,4086612 \times 10^{-1}$	$0,8189279 \times 10^{-1}$
Variansie (S ²)	$0,6774188 \times 10^{-2}$	$0,167004 \times 10^{-2}$	$0,67064 \times 10^{-2}$
Kurtose	-0,5691153	4,510746	-0,1165573
Skeefheid	0,5988405	-0,9953492	0,7666278
Variasie-breedte	0,2792239	0,2243003	0,3012548
Minimum	0,02562831	-0,140269	0,2266346
Maksimum	0,535507	$0,840394 \times 10$	0,5278893

Die statistiese bewerkings is by die navorsing ingesluit om as hulpmiddel te dien sodat die resultate van die ondersoek met 'n oogopslag waargeneem kan word.

Die bewerkings wat hier aangebied word, is statistiese hulpmiddels wat vandag in die veld van psigologie en opvoedkunde feitlik internasionaal aanvaar word. Die betekenis en doel van die bewerkings in tabel 10.4 word kortliks geskets:

\bar{x} : die rekenkundige gemiddelde

std.fout : die standaardfout gee die grense weerskante van die verkreë gemiddelde waarbinne die universumgemiddelde met 'n 5% (1,96 x die standaardfout) -kans op foute val (Du Toit & Van der Merwe, 1966, p.431-433; Downie & Heath, 1970, p.160-161).

std.afwyking : dit is die akkuraatste meting van die afwykings wat vir gegroepeerde en ongegroepeerde gegewens gebruik kan word. Die std. afwy-

king word as hulp gebruik om die normale verspreidingskurwe te beskryf. Die std. afwyking eenhede wat op die basislyn gemeet is, sny sekere gedeeltes van die gebied onder die kurwe af (Downie & Heath, 1970, p.56-65 & 61 - 62).

Variansie :afgesien van die gemiddelde was daar 'n behoefte aan 'n tweede syfer of indeks wat as aanduiding van die wydte van die verspreiding of die variabiliteit van die veranderlike kon dien. Dit kon gebeur omdat die individue van die subgroepe geselekteer was op 'n wyse dat die groepe onafhanklik is en homogeen is.

Kurtose : hierdie berekening is ingesluit om die puntigheid van die monster te bepaal.

Skeefheid: om te bepaal wat die skuinsheid van die kurwe is en of daar nie 'n groot aantal gevalle is wat aan die een kant van die kurwe opgebou het nie.

Variasie-
breedte : die berekening van die terrein beskryf 'n verspreiding beter as 'n gemiddelde en is eenvoudig die hoë telling minus die lae telling. Die terrein is die interval of afstand tussen twee uiterste waardes, insluitend dié van die uiterstes self, in 'n reeks van data, stimuli, variasies van die gemiddeld, ensovoorts.

iii) Groep C

	2e evaluering	3e evaluering	Algehele verbetering
M (\bar{x} 3)	0,2113228	0,4944653x10 ⁻¹	0,1490532
Std. fout	0,2827493x10 ⁻¹	0,778107x10 ⁻²	0,2284941x10 ⁻¹
Std. afwyking	0,1264493	0,34798x10 ⁻¹	0,1021857
Variansie (S3)	0,1598943x10 ⁻¹	0,1210901x10 ⁻²	0,1044191x10 ⁻¹
Kurtose	-0,1177577	0,6809986	0,8281095
Skeefheid	0,6986550	0,2202441	1,044199
Variasiebreedte	0,4496164	0,1201384	0,397482
Minimum	0,4347825x10 ⁻¹	0,1129105	0,9764221x10 ⁻²
Maksimum	0,4930946	0,7227889x10 ⁻²	0,4072462

10.3.6 Vergelyking van persoonlikheids- en projektiewe tegnieke

10.3.6.1 Inleiding

Die resultate van die drie evalueringe van die CPQ, die "Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test" en die "Draw-a-family" projektiewe tegniek word in hierdie paragraaf bespreek en vergelyk.

10.3.6.2 Die ontleding en vergelyking van die "Children's Personality Questionnaire" (CPQ)

10.3.6.2.1 Inleiding

Vir hierdie ondersoek is die resultate van vraelyste A en B vir elke

evaluering saam bereken, soos deur die opstellers aanbeveel (RGN, 1972, p.12 & 17). Die tweede evaluering het 'n jaar na die eerste evaluering plaasgevind en die derde evaluering het nege maande na die tweede evaluering plaasgevind.

Die resultate van die drie evalueringe word in tabelvorm in tabel 10.5 aangebied.

10.3.6.2.2. Vergelyking van die resultate

In tabel 10.5 staan 1, 2 en 3 in die tweede reël vir die eerste, tweede en derde evalueringe.

Tabel 10.5

Vergelyking van die 3 evaluerings van die CPQ

Faktor	Groep A			Groep B			Groep C		
	1	2	3	1	2	3	1	2	3
A	8	3,4	4,1	8,7	3,6	4	7,1	6,3	7
B	2	8,3	7,9	2,5	8,6	8,1	2,1	4,9	3,8
C	3	7,8	7,6	2,6	7,1	7,2	2	5,4	4,5
D	8,1	4,1	3,9	7	3,9	3,7	9,3	7,1	7,3
E	8,2	3,6	3,8	8,2	3,5	3,8	7	5,6	6,7
F	7,2	5,5	4,9	6,1	4,6	4,8	5,7	5,3	6,1
G	3,9	7,2	6,7	5	7,8	6,9	5,6	5,8	5
H	5	7	7,2	4,1	6,8	7,1	5,5	5,9	5,1
I	6	5,5	5,9	4,2	5,4	5,3	7	6,3	6,4
J	8,2	4,3	4	8,6	4,1	4,1	9	6,3	6,1
N	5,1	4,9	5,6	4,4	4,6	5,1	6,5	5,5	6,1
O	6	6,9	6,4	4,5	6,3	5,5	4,4	5,4	4,9
Q3	1,8	6,3	7,1	3	7,2	7,3	1,6	4,8	3,6
Q4	8	3,9	4,5	9	3,8	3,9	7,5	6,6	6,8
Totaal	80,5	78,7	79,6	77,9	77,3	76,8	80,3	81,2	79,4
M	4,03	3,94	3,98	3,9	3,87	3,84	4,02	4,06	3,97

10.3.6.2.3 Die totale telling

Die handleiding van die CPQ gee geen aanduiding van interpretasies in verband met die totale telling nie. In hierdie ondersoek is dit egter interessant om daarop te let dat die gemiddelde totale telling van elke groep met elke evaluering baie min verskil het, terwyl daar groot ver-

skille by die onderskeie faktore te bespeur is.

Dit wil dus voorkom asof die totale persoonlikheid van die groepe nie verander het nie, maar dat daar slegs wysigings van sekere faktorpatrone ontstaan het. Hierdie wysigings van die faktorpatrone by die onderskeie groepe leesvertraagde leerlinge (groepe A en B) kon meegehelp het om die leesverbetering te veroorsaak (vgl. par. 10.3.2). By groep C was die verandering van die faktorpatrone vermoedelik nie dramaties genoeg om die leesvermoë op 'n normale vlak te plaas volgens elkeen se intellektuele vermoë nie. Dit wil voorkom asof die voorligting aan die ouers en hulle hulp en veranderde houding teenoor die kinders meegehelp het om die probleem van leesvertraging by die kinders van groepe A en B op te los.

10.3.6.2.4 Faktor A (skisotimie teenoor siklotimie)

Groepe A en B het met die tweede en derde evaluering lae stientellings behaal wat wissel tussen 3,4 en 4,1. Die faktorpatroon het dus vanaf siklotimiese (eerste evaluering) na skisotimiese persoonlikhede verander (tweede en derde evaluering). Groep C het egter geen noemenswaardige veranderinge in die faktorpatroon getoon nie en steeds siklotimiese persoonlikhede ge-

bly.

Groepe A en B is meer intellektueel en stel belang in idees (Madge & Du Toit, 1975, p.5). Hierdie twee groepe toon 'n beter leesvermoë as groep C (vgl. par 10.3.2) en presteer ook akademies beter (vgl. par. 10.3.6.6). Dit kan moontlik te danke wees aan 'n beter abstraheringsvermoë (Madge & Du Toit, 1975, p.5). Die verstandelike ontwikkeling van die kind beweeg vanaf die werklikheid met sy konkrete grondslag na hoër vlakke van abstraktheid. Wat die taal (en getalle) betref, is woorde simbool-vorme wat 'n belangrike vorm van abstraksie is (Kruger, 1972, p.70). Indien omgewingsfaktore belemmerend inwerk op die kind se normale taalontwikkeling, sal hy heelwaarskynlik swakker presteer op verbale vlak en sy werklike intelligensie sal 'n onderskating wees (Kruger, 1972, p.71; Burt, 1937, p.144), heelwaarskynlik omdat die niveau van abstrakte begrip waarvolgens die denke kategoriaal kan funksioneer (Swart, 1963, p.56) nog nie volledig ontwikkel het nie. Wanneer so 'n kind voor 'n nuwe taak gestel word, soek die denke skematies-antisiperend na 'n oplossingsmetode wat vervorm kan word om aan te pas by die behoefte van die

probleemoplossing (vgl. par. 10.3.6.5.2). Die leesvertraagde leerling, en in besonder die kinders van groep C, bly vermoedelik steeds gebonde aan konkrete beskrywings. "Taalarmoede is daarom waarskynlik een van die grootste bydraende faktore vir skolastiese en akademiese onderprestasie, veral omdat leesvermoë feitlik alle vorme van leer op skool beïnvloed." (Kruger, 1972, p.71). Die skisotimiese persoon presteer gewoonlik goed in Gestaltvoltooiing (Madge & Du Toit, 1975, p.7), wat kan meehelp tot die beter leesvermoë van groepe A en B as van groep C. Die skisotimiese persoon presteer akademies beter as die siklotimiese persoon (groep C), omdat leer in die skool meer insiggewend is en nie probeer-en-tref nie (Madge & Du Toit, 1975, p.8).

10.3.6.2.5 Faktor B (minder intelligent teenoor meer intelligent)

Met die tweede en derde evaluering het groepe A en B verskuif vanaf -B na +B, terwyl groep C met die tweede evaluering wel 'n verandering getoon het vanaf 'n stientelling van 2,1 na 4,9. Met die derde evaluering het groep C weer terugesak tot 3,8.

Dit blyk dat groepe A en B sodanig verbeter het dat hulle nog beter gebruik kan

maak van hul hoë algemene verstandelike vermoë. Persone met positiewe B-tellings, soos groepe A en B, toon die volgende faktorpatroon (Madge & Du Toit, 1975, p.8-9): goeie insig, leer vinnig, intellektueel aanpasbaar, wakker, verstandig, volwasse, stelselmatig, noukeurig, aktief in die skool, onafhanklik, beskik oor gesonde verstand, toon inisiatief, het 'n wye belangstellingsveld, gee aandag in die klas, sosiaal progressief, dink vinnig, energiek, groter sukses in eksamens en leersituasies en minder geneig tot jeugmisdadigheid. Hierdie faktorpatroon toon 'n groot ooreenkoms met groepe A en B se verbeterde leesvermoë (vgl. par. 10.3.2), verbeterde gedrag en beter akademiese vordering (vgl. par. 10.3.6.6).

Groep C, daarenteen, het nie sodanig verbeter dat dit in die leer- of klassituasie merkbaar was nie.

10.3.6.2.6 Faktor C (egoswakheid teenoor egosterkte)

By faktor C het beide groep A en groep B positiewe stientellings van 7 in die tweede en derde evaluering behaal, in teenstelling met die lae stientellings van die eerste evaluering (vgl. par. 8.7.8.2.2 d). Volgens Madge en Du Toit (1975, p.10-11) kan die volgende faktorpatrone aan persone met 'n positiewe

stientelling toegeken word: emosioneel volwasse, stabiel, kalm, laat nie toe dat emosionele behoeftes die werklikheid van 'n situasie vertroebel nie, pas aan by feite, bedaard, toon selfbeheersing deur moeilikhede te voorkom, bedagsaam, tevrede, ewewigtig, vry van neurotiese uitputting, prakties, logies, bestendig, opgeruimd, volhardend, pligsgetrou, betroubaar, vindingryk, nie impulsief in die uitdrukking van gevoelens nie en bestee relatief meer tyd en verstandelike inspanning aan werk. Daar is 'n positiewe verband gevind tussen faktor C en akademiese prestasie (vgl. par. 10.3.6.6).

Die kinders van groepe A en B kan beskou word as kinders met 'n hoë egosterkte wat emosioneel stabiel en volwasse is. Hulle is realities omtrent die werklikheid en is kalm.

Groep C se stientelling het vanaf 2 met die eerste evaluering verander na 5,4 en 4,5 respektiewelik met die tweede en derde evaluering. Na die jaar van remediërende leesonderrig het die groep tussen egoswakheid en hoë egosterkte geval. Nadat die program gestaak is, het groep C 'n neiging getoon om terug te val na egoswakheid.

Indien die vader, volgens Madge en Du Toit (1975, p.12) 'n liefdevolle houding teen-

oor die kind toon, skyn dit asof die "...omgewing omtrent driemaal so belangrik as oorerwing tussen gesinne en moontlik tienmaal belangriker binne die gesin (is) wat hierdie faktor betref."

10.3.6.2.7 Faktor D (flegmaties teenoor prikkelbaar)
Cattell (Madge & Du Toit, 1975, p.13) meen dat faktor D 'n faktor is van wye omvang wat die totale persoonlikheid beïnvloed.

Met die tweede en derde evaluering het groepe A en B se stientellings verander vanaf positief (+8,1 & +7 respektiewelik) na 'n stientelling van 4 wat sterk neig na die negatiewe kant van die kontinuum. Die genoemde twee groepe het dus verander vanaf prikkelbaarheid na 'n flegmatiese temperament. Sodanige leerlinge kan beskou word (Madge & Du Toit, 1975, p.13-15) as stoïsyns, inskiklik, bestendig, nie rusteloos nie en moontlik sonder minderwaardigheid en kompensasie, wat vermoedelik meegehelp het om hulle leesvermoë te verbeter.

Groep C het met al drie evalueringe 'n positiewe stientelling (9,3; 7,1 & 7,3) behaal en kan na die remediërende program nog as prikkelbaar, minderwaardig en kompenserend beskou word (vgl. par. 8.7.8.2.2 e).

10.3.6.2.8 Faktor E (onderdanig teenoor dominant)

Groepe A en B het met die tweede en derde evaluering verander vanaf 'n positiewe stientelling (8,2 tot 3,6 en 3,5 respektiewelik) na 'n stientelling van 3,8 (vgl. par. 8.7.8.2.2 f & tabel 10.5). Hulle neig daarom sterk na onderdanigheid, afhanklikheid, bedagsaamheid en ekspressiwiteit. Sodanige kinders is oor die algemeen gehoorsaam en insiklik, maar geneig om maklik ontsteld te raak (Du Toit & Madge, 1972, p.5).

Groep C se stientelling het met die tweede evaluering verander vanaf 'n positiewe telling (+7) na 'n gemiddelde (5,6) stientelling. Met die derde evaluering het groep C egter weer 'n positiewe stientelling van 6,7. Hulle het dus .. gefluktueer tussen dominant tot op 'n vlak van tussen dominant en onderdanig met die tweede evaluering, en weer dominant (vgl. hoofstuk 8.7.8.2.2 f) met die derde evaluering. Kinders met hoë tellings, soos groep C, het swakker eksamenresultate in vergelyking met ander met dieselfde IK (Madge & Du Toit, 1975, p.16; vgl. par. 10.3.2).

10.3.6.2.9 Faktor F (sober teenoor onbesorgd)

Al drie groepe het met die drie evalu-

erings gemiddelde stientellings behaal (wisselend tussen 4,8 & 6,1) (vgl. tabel 10.5), behalwe groep A wat slegs met die eerste evaluering 'n positiewe stientelling (7,2) behaal het. Die kinders van die drie groepe het dus op 'n kontinuum geval van tussen soberheid en sorgvryheid.

10.3.6.2.10 Faktor G (superegostewakheid teenoor supergostewakheid)

By die eerste evaluering het al drie groepe op 'n kontinuum tussen 'n laer en hoër supergostewakheid geval (groep A 3,9; groep B 5 & groep C 5,6 stientellings). Met die tweede en derde evaluering het beide groepe A en B 'n positiewe stientelling behaal (groep A 7,2 & groep B 7,8). Hiervolgens kan hulle beskou word as kinders met hoër supergostewakheid. Volgens Madge en Du Toit (1975, p.22-23) kan die volgende faktorpatroon aan hulle toegeken word: vasberade, volhardend, verantwoordelik, emosioneel gedissiplineerd, ordelik, konsensieus, intellektueel en fyn beskaafd, gereed om saam te werk, prakties, logies, selfbewus, pedanties, het gesonde verstand, eerlik wat skoolwerk betref en werk hard aan opgelegde take. Dit het vermoedelik gehelp om hulle leesvermoë te verbeter.

Groep C het geen noemenswaardige verandering gedurende die drie evalueringe getoon nie en val op 'n kontinuum tussen superegoswakheid en superegosterkte.

10.3.6.2.11 Faktor H (skaam teenoor waaghalsig)

Al drie groepe het met die eerste evaluering 'n gemiddelde stientelling by faktor H verkry (groep A 5, groep B 4,1 & groep C 5,5) (vgl. par. 8.7.8.2.2 g). By die tweede en derde evalueringe het groepe A en B egter positiewe stientellings (vgl. tabel 10,5) behaal (groep A 7 & 7,2 ; groep B 6,8 & 7,1 stientellings) en kan onder die beskrywing van sosiale vrypostigheid geklassifiseer word, wat ook leierseienskappe toon. Hierdie beweging na die positiewe kontinuum kon waarskynlik gehelp het om dié leerlinge se leesvermoë te verbeter .

Die drie evalueringe het groep C uitgewys as konstant met gemiddelde tellings (wisselend tussen 5,1 en 5,9). Hierdie kinders val dus op 'n kontinuum tussen skugterheid en sosiale vrypostigheid.

10.3.6.2.12 Faktor I (ontoegeeflik teenoor teerhartig)

Groepe A en B het op hierdie faktor gemiddelde stientellings op al drie evalueringe behaal en val daarom op 'n kontinuum tussen ontoegeeflikheid en emo-

sionele gevoeligheid.

Groep C het met die eerste evaluering 'n positiewe stientelling (7) behaal en met die tweede en derde evaluering neig hulle baie sterk na 'n positiewe stientelling van 6,3 en 6,4 respektiewelik. Dit plaas hulle op die kontinuum van emosionele gevoeligheid. In gemengde geslagsgroepe het +I 'n beduidende korrelasie met vroulikheid (Madge & Du Toit, 1975, p.29), wat leesvermoë kan belemmer (vgl. par. 3.4. & 4.5.6.2).

10.3.6.2.13 Faktor J (lewenskragtige teenoor weifelagtige)

Beide groepe A en B was met die eerste evaluering aan die positiewe end van die skaal (groep A +8,2 & groep B +8,6), maar met die tweede en derde evaluering het hulle 'n sterk negatiewe neiging met stientellings van 4 behaal. Hulle neig dus na lewenslustigheid, hou van aandag, aanvaar gemeenskaplike standaarde, is snel van begrip, toon inisiatief, is hardwerkend en verstandelik wakker. Dié eienskappe beïnvloed die leesvermoë blykbaar ten goede.

'n Positiewe faktor J ontstaan moontlik as gevolg van verwerping deur die ouers, veral die vader en sy latere plaasvervanger,

die sosiale omgewing (Madge & Du Toit, 1975, p.34). Vermoedelik word die kinders van groepe A en B nou beter deur hulle ouers aanvaar en die moontlikheid bestaan dat hulle ook beter deur die gemeenskap aanvaar sal word. Sodanige persone, veral Engelssprekendes, sal laer tellings op hierdie faktor behaal as gevolg van minder kultuurdruk (Madge & Du Toit, 1975, p.35).

Groep C wat met die eerste evaluering 'n hoë positiewe stientelling van 9 behaal het, het met die tweede en derde evaluering 'n gemiddelde stientelling (6,3 & 6,1 respektiewelik) by elke evaluering behaal. Die groep val dan op 'n kontinuum tussen lewenslustigheid en intellektuele individualisme.

10.3.6.2.14 Faktor N (naïef teenoor skerpsinnig)

Al drie groepe het met die drie evaluering gemiddeldes van tussen 4,4 en 6,5 behaal. Die drie groepe val tussen naïwiteit en skerpsinnigheid en nie een van die drie groepe kan in 'n spesifieke afdeling ingedeel word nie.

10.3.6.2.15 Faktor O (kalm teenoor bevreesd)

Die drie groepe se gemiddelde tellings wissel tussen 4 en 7 op faktor O en hulle val op 'n kontinuum tussen selfversekerdheid en skuldgeneigdheid.

10.3.6.2.16 Faktor Q3 (swak selfsentiment teenoor sterk selfsentiment)

Met die eerste evaluering het al drie groepe (vgl. par. 8.7.8.2.2j) lae stientellings (groep A-1,8; groep B -3 en groep C -1,6) behaal en hulle kan beskou word as kinders met 'n gebrekkige selfsentiment.

Met die tweede en derde evaluering het beide groepe A en B 'n neiging na die positiewe end van die kontinuum openbaar, met stientellings van 7. Daar is dus by hierdie twee groepe 'n neiging tot sterk selfsentiment, selfbeheersing, 'n streng wilskrag, sosiaal korrekte optrede en 'n goeie selfbeeld, wat leesvermoë bevorder (vgl. par. 3.8.2.1).

Volgens Madge en Du Toit (1975, p.46) kan hierdie faktor toegeskryf word aan 'n harmonieuse en goed gedissiplineerde huislike opvoeding, wat bevorderlik is vir die vorming van sosiaal-gewenste gewoontes en hoë standaarde van sosiale gedrag en die leesvermoë verbeter (vgl. par. 3.4 & 3.5).

Groep C het met die eerste evaluering 'n negatiewe stientelling van 1,6 behaal wat met die tweede en derde evaluering wissel hulle stientellings tussen 4,8 en 3,6 res-

pektiewelik. Daar is dus nog steeds 'n neiging by hierdie groep tot gebrekkige selfsentiment.

10.3.6.2.17 Faktor Q4 (lae drangspanning teenoor hoë drangspanning)

Al drie groepe het met die eerste evaluering hoë positiewe tellings behaal (groep A +8, groep B +9 en groep C +7,5). Hulle kan dus bestempel word as gespanne, gefrustreerd, oorspanne, gejaagd en prikkelbaar (vgl. par. 8.7.8.2.2 k).

Met die tweede en derde evaluering het groep A stientellings van 3,9 en 4,5 behaal, terwyl groep B se tellings 3,8 en 3,9 was. Beide groepe het dus 'n neiging getoon van 'n lae drangpeil, met ander woorde ontspanne, rustig, traag, ongefrustreerd en bedaard. Hierdie eienskappe het vermoedelik bygedra tot die twee groepe se verbeterde leesprestasie.

Groep C het met al drie evalueringe 'n neiging tot hoë positiewe tellings van 7,5, 6,6 en 6,8 behaal. Hulle hoë drangpeil het dus nie noemenswaardig verbeter nie. Hierdie hoë drangpeil kan meehelp tot die swakker akademiese en leesprestasie van groep C (Madge & Du Toit, 1975, p.47; vgl. par. 10.3.2).

10.3.6.3 Die vergelyking van die resultate van die
"Hutt Adaptation of the Bender-Gestalt Test"
(HABGT)

10.3.6.3.1 Inleiding

Die tweede en derde evaluering met die HABGT is op dieselfde wyse uitgevoer as die eerste evaluering (vgl. par. 7.2.3.2 en 8.7.8.3). In tabel 10.6 word 'n vergelyking van die drie evalueringe met die "Adience-Abience"-skaal van die HABGT aangebied.

Die "Adience-Abience"-skaal van die HABGT is gebruik om die perseptuele "approach-avoidance"-gedrag van die leesvertraagde leerlinge te meet. Wanneer iemand meer ontvanklik vir perseptuele stimulasie is, word hy as "adient" beskou en wanneer hy minder ontvanklik daarvoor is, word hy as "abient" beskou (vgl. par. 7.2.3.3).

Volgens die eerste evaluering val al drie groepe leesvertraagde leerlinge op die "abience"-end van die skaal (vgl. par. 8.7.8.3.2.k). Die leesvertraagde leerlinge openbaar 'n neiging om hulle te onttrek aan die perseptuele stimulus. Hierdie leerlinge toon 'n swak intellektuele en interpersoonlike funksionering (vgl. par. 8.7.8.2.2. c).

Om vas te stel of die drie groepe lees-
vertraagde leerlinge baat gevind het by
die ondersoek, sal die "Adience-Abience"-
skaal van die HABGT volledig ontleed word.

Tabel 10.6

'n Vergelyking van die drie evaluerings met die "Adience-
Abience"-skaal van die HABGT

Fak- tore	Groep A			Groep B			Groep C		
	1	2	3	1	2	3	1	2	3
1	-2,0	-1,2	-1,4	-1,8	-1,1	-1,3	-2,0	-1,5	-1,9
2a	-1,2	-0,6	-0,7	-1,3	-0,6	-0,9	-1,6	-1,3	-1,6
2b	0,8	-0,15	-0,4	-0,7	-0,2	-0,35	-0,4	-0,15	-0,3
3	+0,3	+1,0	+0,9	+0,4	+0,9	+0,8	+0,4	+0,15	+0,3
4a	+0,6	+1,0	+1,0	+0,4	+1	+0,8	+0,5	+0,15	+0,4
4b	-0,4	0	-0,15	-0,6	-0,15	-0,2	-0,5	-0,4	-0,9
5a	+1,3	+2	+1,75	+1,1	+1,9	+1,9	+1,5	+2,0	+1,6
5b	-0,35	0	-0,25	-0,9	-0,15	-0,15	-0,25	0	-0,4
6a	+0,25	+1,0	+1,0	+0,4	+1,0	+1,0	+0,3	+0,6	+0,6
6b	-1,5	0	0	-1,2	0	0	-1,4	-0,8	-1,2
7a	+0,45	+1,0	+0,75	+0,3	+0,9	+0,75	+0,5	+0,7	+0,4
7b	-1,1	0	-0,25	-1,4	-0,1	-0,25	-1,0	-0,5	-0,9
8a	+1,0	+1,0	+1,0	+1,2	+1,8	+1,5	+1,4	+1,6	+1,6
8b	-1,0	-0,5	-0,6	-0,8	-0,7	-0,4	-0,6	-0,3	-0,6
9a	+0,6	+2	+1,75	+0,5	+1,9	+1,6	+0,6	+1,3	+0,7
9b	-1,4	0	-0,1	-1,5	-0,2	-0,15	-1,4	-0,4	-0,6
10a	+1,2	+2,0	+2,0	+1,4	+2,0	+2,0	+1,3	+0,4	+1,6
10b	-0,6	0	0	-0,6	0	0	-0,7	-0,9	-0,2
11a	+0,25	+1,0	+1,0	+0,7	+1,0	+1,0	+0,5	+0,5	+0,2

Tabel 10.6 verv.

Fak- tore									
	1	2	3	1	2	3	1	2	3
11b	-0,15	0	0	-0,1	0	0	-0,4	-0,9	-1,1
11c	-0,6	0	0	-0,2	0	0	-0,1	-0,9	-1,0
12a	+0,45	+1,0	+1,0	+0,4	+1,0	+1,0	+0,35	+0,6	+0,35
12b	-1,1	0	0	-1,2	0	0	-1,3	-1,0	-1,3
Totaal	-5,8	10,55	8,3	-3,7	10,2	8,85	-4,3	1,55	-4,25
Gekor- ri- geerde tel- ling ¹⁾	14,2	30,55	28,3	16,3	30,2	28,85	15,7	21,55	15,75

10.3.6.2 Die vergelyking en ontleding van die drie
evaluerings met die "Adience-Abience"-
skaal van die HABGT

a) Inleiding

Die resultate van die drie evalueringe van die perseptuele "Adience-Abience"-skaal word in tabel 10.6 aangebied en die definiëring van die onderskeie faktore word in bylae C omskryf. Die resultate van die drie groepe se drie evalueringe word nou faktorgewys bespreek.

b) Faktor 1 : spasië 1

Gedurende die eerste evaluering het al drie groepe leesvertraagde leerlinge 'n

1) 20 word by die algebraïese totaal bygetel om negatiewe tellings uit te skakel.

abnormale hoeveelheid spasie tussen sommige van die figure gebruik (vgl. par. 8.7.8.3.2. a).

Met die tweede en derde evaluering het groepe A en B minder van beklemmende spasies tussen die figure gebruik gemaak as groep C. Met die derde evaluering het groepe A en B minder terugval in die gebruik van spasies gehad as groep C.

Die beklemmende gebruik van spasie is nou verwant aan passiwiteit, terugtrekking en selfs onderdrukte vyandigheid. Dit kan ook tipies wees van een of ander vorm van emosionele wanaanpassing (Hutt, 1969,p.75). Hierdie houding van die leerlinge van groepe A en B toon 'n groter verbetering as die van groep C. Om hierdie verbetering vas te stel, word die ander faktore ook ontleed.

c) Faktor 2a en 2b: verkleining van die figuur in die breedte

Hierdie faktor verwys na die verkleining van die reproduksie van die toetsstimuli. Groep C toon dat hulle oor die algemeen meer geneig is om die breedte van die waargenome voorwerpe te verklein as groepe A en B. Groep C het met die derde evaluering 'n groter terugval gehad as beide groepe A en B. Groep C toon 'n groter geneigdheid as groepe A

en B tot teruggetrokke, beangste en onderdrukte gedrag van vyandigheid. Vermoedelik word die onderdrukte gedrag van vyandigheid onder andere teen die leesstof gerig en dit verklaar moontlik waarom groep C se leesvordering nie so goed was soos dié van die ander twee groepe nie (vgl. par. 10.3.2). Sodanige persone se persoonlikheid word deur ambivalente modes van "approach-avoidance"-gedrag gekenmerk (Hutt, 1969, p.76).

d) Faktor 3 : gebruik van die bladsy

Die drie groepe het met al drie evalueringe getoon dat hulle redelik goed georiënteerd is, deurdat hulle meestal van die hele bladsy gebruik gemaak het om die figure te teken.

e) Faktore 4a & 4b : volgorde van figure

Met die eerste evaluering het die drie groepe leesvertraagde leerlinge probleme ondervind om die figure in die regte volgorde te plaas. Die plasing van die figure het veral van regs na links voorgekom, wat negativistiese en opstandige neigings kan aantoon. Dit is dieselfde tendens wat by letteromkerings voorkom (vgl. par. 8.7.8.3.2 d) en wat moontlik leesvertraging kan veroorsaak.

Met die tweede en derde evalueringe het

groepe A en B geen probleme met die volgorde van die figure ondervind nie. Dit was opmerklik dat die volgorde van die figure van bo na onder en van links na regs was. Hierdie twee groepe kon in 'n groot mate ontslae raak van hulle lae frustrasie-toleransie, angs, besluite-loosheid, gevoelens van onwaardigheid en kompulsiewe weifeling (Hutt, 1969, p.72). Dit wil voorkom asof die verbetering van dié faktor letteromkerings uitgeskakel het en die leerlinge se leesvermoë verbeter het. Die feit dat hierdie twee groepe hulle angs, lae frustrasie-toleransie, besluiteloosheid, gevoelens van onwaardigheid en kompulsiewe weifeling kon verminder, het vermoedelik meegehelp tot hulle verbeterde leesvermoë.

Groep C het min verbetering getoon met die tweede evaluering en daar was by die derde evaluering 'n agteruitgang te bespeur. Hierdie groep was in 'n groot mate nog versteurd ten opsigte van bo-genoemde eienskappe. Hulle het 'n gebrek aan ordelike beplanning getoon, was angstig, besluiteloos en het gevoelens van onwaardigheid openbaar.

f) Faktor 5a & 5b: plasing van die eerste figuur

Al drie groepe leesvertraagde kinders het

met die eerste evaluering 'n hoë positiewe telling op hierdie faktore behaal. Groep C het die hoogste telling (+1,5) behaal.

Met die tweede evaluering het al drie groepe tellings van tussen +2 en +1,9 behaal. Met die derde evaluering het al drie groepe nog hoë positiewe tellings behaal, alhoewel groep C die grootste terugval getoon het (+1,6 & -0,4 respektiewelik vir faktor 5a & 5b). Volgens hierdie resultate is dit nie moontlik om sonder twyfel vas te stel of hierdie twee faktore te doen het met leesvermoë nie.

g) Faktore 6a en 6b : sluitingsprobleme

Al drie groepe het met die eerste evaluering sluitingsprobleme ondervind (vgl. par. 8.7.8.3.2 e) wat daarop dui dat die leesvertraagde leerlinge perseptuele of perseptueel-motoriese probleme ondervind het.

Met die tweede evaluering het groepe A en B geen teken van perseptuele of perseptueel-motoriese probleme getoon nie, deurdat hulle geen sluitingsprobleme getoon het nie. Aangesien die twee groepe hulle perseptueel-motoriese probleme kon uit-skakel, het hulle leesvermoë verbeter.

Groep C het met die tweede evaluering minder sluitingsprobleme ondervind as

met die eerste evaluering. Met die derde evaluering, nege maande na die tweede evaluering, het hierdie groep egter teruggesak tot amper weer op dieselfde vlak as met die eerste evaluering. Dit toon aan dat daar nog steeds perseptuele of perseptueel-motoriese probleme by hierdie groep leerlinge aanwesig is. Wat hierdie probleme betref, kom dit voor asof groep C nie voldoende voordeel uit die remediërende leesprogram kon trek nie.

h) Faktore 7a & 7b : kruisingsprobleme

Met die eerste evaluering het al drie die groepe ernstige probleme ondervind om sluiting te bewerkstellig in figure 6 en 7 (vgl. par. 8.7.8.3.2. f). Dit kan 'n aanduiding wees van psigologiese blokkering wat gewoonlik korreleer met gedrag soos besluiteloosheid en kompenserende twyfeling (Hutt, 1969, p.87).

Met die tweede en derde evaluering het groepe A en B weinig probleme ondervind om sluiting te bewerkstellig. Dit wil voorkom asof hulle die psigologiese blokkering in 'n groot mate uitgeskakel het. Hierdie psigologiese blokkering het waarskynlik daartoe gelei om ook hul leesvermoë te "blokkeer", want nadat hierdie blokkering uitgeskakel is, het hulle leesvermoë verbeter.

Groep C het wel verbetering getoon met die tweede evaluering, maar met die derde evaluering weer teruggeval tot op dieselfde vlak as met die eerste evaluering. Dit blyk dus dat daar verbetering ingetree het terwyl die remediërende leesprogram nog aan die gang was, maar nadat die program gestaak is, het die groep weer teruggeval tot op hulle oorspronklike vlak.

i) Faktore 8a & 8b : verandering in hoekigheid

Die drie groepe het met die eerste evaluering 'n sterker neiging geopenbaar om die hoeke te vergroot as om hulle te verklein, wat aantoon dat hulle 'n verminderde affektiwiteit ondervind (vgl. par. 8.7.8.3.2. g).

Groepe A en B het hierdie probleem met die tweede en derde evaluering in 'n groot mate uitgeskakel, behalwe dat groep B 'n groter terugval met die derde evaluering gehad het. Daarenteen het groep C 'n groter verbetering as groepe A en B getoon met die tweede evaluering en minder terugval gehad met die derde evaluering.

Verminderde affektiwiteit veroorsaak blykbaar leesvertraging, want indien dit moontlik is om dié probleem uit te skakel, verbeter die leesvermoë soos by groepe A

en B.

j) Faktore 9a & 9b : perseptuele rotasie

Met die eerste evaluering toon die drie groepe leesvertraagde leerlinge dat hulle rotasieprobleme ondervind (vgl. par. 8.7.8.3.2. h). Hierdie perseptuele rotasie kan as gevolg van die rywordings- of ontwikkelingsproses by die kind wees (Fabian, 1951, p.129-154) of dit kan veroorsaak wees as gevolg van emosionele faktore (Lachman, 1960, p.427-431). So-danige kinders kan leesprobleme ondervind (Fabian, 1951, p.139).

Met die tweede en derde evaluering het groepe A en B hierdie rotasieprobleem feitlik geheel en al uitgeskakel. Met die derde evaluering het groepe A en B slegs 'n geringe mate van terugval gehad.

Groep C het met die tweede evaluering 'n mooi verbetering getoon en die rotasieprobleem feitlik uitgeskakel. Nadat die remediërende leesprogram gestaak is, het hulle 'n redelike sterk terugval gehad. Verbetering het slegs by groep C ingetree terwyl daar volgehou was met die remediërende leesprogram. Die remediërende program kon dus nie die werklike oorsaak van die rotasieprobleem uitskakel nie. Dit wil voorkom asof die voorligtingsprogram aan die ouers van die leesvertraagde leer-

linge van groepe A en B wel daarin kon slaag om die emosionele en/of ontwikkelingsprobleem in 'n groot mate uit te skakel. Groep C ondervind heelwaarskynlik versteurings van een of ander aard met egofunksionering (Hutt, 1969, p.92). Weens die feit dat daar geen fragmentasieprobleme by die drie groepe voorgekom het nie (vgl. par. 10.3.6.3.2. k), kan tot die gevolgtrekking geraak word dat die kinders geen perseptueel-motoriese probleme gehad het nie, maar moontlik emosionele probleme, want met die uitskakeling van hierdie probleem het groepe A en B se leesvermoë verbeter.

k) Faktore 10a & 10b :fragmentasie

Al drie groepe het met die drie evaluerings min neigings geopenbaar om die Gestalt te vernietig. Die leesvertraagde leerlinge het dus geen perseptueel-motoriese probleme gehad nie. Hulle behoort daarom 'n goeie vermoë te hê tot abstrahering en sintetisering. As gevolg van die feit dat emosionele probleme by die kinders van groep C nie voldoende uitgeskakel is nie, belemmer dit hulle normale taalontwikkeling sodat abstrahering nie doeltreffend kan plaasvind nie (vgl. par. 10.3.6.2.4). Dit lei dan waarskynlik ook tot leesprobleme.

1) Faktore 11a, 11b en 11c : vereenvoudiging

Met die eerste evaluering het die drie groepe leesvertraagde leerlinge slegs 'n gemiddelde neiging geopenbaar om die energie wat nodig is om 'n taak te voltooi, te verminder (Hutt, 1969, p.96).

Groepe A en B het met beide die tweede en derde evaluering geen probleme met vereenvoudiging ondervind nie.

Groep C het, wat faktor 11a betref, met die tweede evaluering konstant gebly, maar met die derde evaluering het hulle 'n terugval getoon tot op 'n laer vlak as met die eerste evaluering. By faktore 11b en 11c was daar by groep C by die tweede evaluering 'n groot verbetering, maar met die derde evaluering het hulle teruggeval tot op 'n vlak laer as met die eerste evaluering. Hierdie neiging kan veroorsaak dat hulle moontlik probleme sal hê om take klaar te maak, wat hulle leesvermoë nadelig beïnvloed.

m) Faktore 12a & 12b : byvoeging en bekrapping

Groepe A en B het met die tweede en derde evaluering geen probleme met byvoeging en bekrapping gehad nie. Angs speel vermoedelik geen rol by hierdie twee groepe nie.

Groep C het wel 'n verbetering getoon met die tweede evaluering, maar het met

die derde evaluering weer teruggeval tot op dieselfde vlak van die eerste evaluering. Hulle ondervind blykbaar nog steeds probleme om hul energie om 'n taak te voltooi of om 'n situasie te hanteer, reg te gebruik. Dit speel vermoedelik 'n rol by leesverbetering.

n) Die totale telling

Volgens die eerste evaluering (vgl. par. 8.7.8.3.2. k) is al drie groepe aan die "abience"-end van die "adience-abient"-skaal. Hiervolgens openbaar die leesvertraagde leerlinge 'n algemene neiging om weerstand te bied teen die informasie van die buitewêreld af.

Met die tweede evaluering het groep A 'n gekorrigeerde telling van 30,55 behaal, terwyl groep B 'n gekorrigeerde telling van 30,2 behaal het. Groep A het 'n verbetering van 48,08% en groep B 'n verbetering van 40,88% behaal, terwyl groep C slegs 'n verbetering van 17,2% gehad het.

Groepe A en B val nou met die tweede evaluering baie hoog op die "abient"-end van die skaal en dit kan verwag word dat die twee groepe "...would tend to gain more from their educational-cultural-therapeutic experience than those who were high on the abience end of the scale."

(Hutt, 1969, p.136)

Groep C val met die tweede evaluering op die laagste punt van die "abient"-end van die skaal. Hulle sal dan moontlik minder voordeel as groepe A en B uit die onderwys put.

Met die derde evaluering het groepe A en B respektiewelik gekorrigeerde tellings van 28,3 en 28,85 behaal, wat hulle nog hoog op die "abient"-end van die skaal plaas en daar kan dan verwag word dat hulle nog goeie voordeel uit die opvoeding-situasie sal kan put. Groep A het slegs 'n daling van 6,62% gehad van die tweede na die derde evaluering. Groep B het 'n daling van 3,97% gehad. Dit wil dus voorkom asof dié twee groepe se probleme wat leesprobleme veroorsaak het, grotendeels uit die weg geruim is.

Groep C het met die derde evaluering 'n gekorrigeerde telling van 15,75 behaal wat dieselfde is as die telling van die eerste evaluering. Vanaf die tweede tot die derde evaluering het hulle 'n terugval van 17,06% gehad.

Volgens hierdie resultate wil dit voorkom asof groepe A en B groter voordeel uit hulle programme geput het as wat groep C uit hul program kon put.

10.3.6.4 Vergelyking van die drie evaluerings van die "Draw-a-family"-tekentoets

10.3.6.4.1 Inleiding

Die "Draw-a-family"-tekentoets is by die tweede en derde evaluering op dieselfde wyse ontleed as wat die geval was met die eerste evaluering (vgl. par. 8.7.8.4).

In hierdie paragraaf sal die drie evalueringe met mekaar vergelyk word om vas te stel of daar enige veranderinge by die drie groepe leesvertraagde leerlinge ingetree het.

10.3.6.4.2 Ontleding en vergelyking van die drie evaluerings: emosionele aanwysings

Ontledings van die emosionele aanwysings volgens die Koppitz-metode (Koppitz, 1969, p.35-75) is van al drie evalueringe gemaak.

Standaardtellings, kwaliteitskaaltellings en persentielrange is vanaf die routellings verkry en van tabelle afgelees (Harris, 1963, p.293-311).

Die voorkoms van die emosionele aanwysings word in tabel 10.7 aangebied. In hierdie tabel word die emosionele aanwysings geïdentifiseer met die groepnommer. Vir identifikasie van die emosionele aanwysings word ver-

wys na tabel 8.14.

Tabel 10.7

Voorkoms van emosionele aanwysings met die drie evaluerings
(Koppitz, 1968, p.35-36) Leerlinge per groep

EA	Groep A			Groep B			Groep C		
	1	2	3	1	2	3	1	2	3
I a	5	1	2	2	1	1	4	2	3
b	1	0	0	0	0	0	2	1	1
c	6	2	2	4	2	2	2	1	2
d	4	1	2	5	1	1	1	1	3
e	5	2	1	2	0	0	6	3	5
f	1	0	0	0	0	0	0	0	0
g	0	0	0	0	0	0	1	0	0
h	4	1	1	3	2	1	4	2	3
i	0	0	0	0	0	0	0	0	1
j	3	1	1	6	1	1	4	3	3
IIa	2	0	1	1	0	0	3	1	1
b	1	1	1	0	0	0	0	0	1
c	6	2	2	7	1	1	5	4	6
d	1	0	0	0	0	0	1	0	1
e	0	0	0	0	0	0	1	0	0
f	7	1	1	6	1	1	4	2	3
g	4	1	0	3	0	0	2	0	1
h	3	0	0	3	0	0	1	0	0
i	2	0	0	1	0	0	2	1	1
j	0	0	0	0	0	0	0	0	0
k	6	1	1	5	0	0	5	2	2
l	3	0	1	1	0	0	0	1	1
m	2	0	1	3	0	0	0	0	0

EA	1	2	3	1	2	3	1	2	3
n	1	0	0	0	0	0	0	0	0
o	2	0	0	0	0	0	1	0	0
p	4	1	0	3	0	0	1	1	1
q	6	1	2	6	2	1	3	3	4
r	0	0	0	1	0	0	0	0	0
s	0	0	0	0	0	0	0	0	0
III a	3	0	0	2	0	0	1	0	0
b	3	0	0	1	0	0	0	1	1
c	4	1	0	5	0	0	3	1	2
d	0	0	0	0	0	0	0	0	0
e	7	1	1	5	2	1	5	4	4
f	1	0	0	0	0	0	0	0	0
g	6	0	0	8	0	1	5	4	6
h	5	0	0	4	0	0	4	1	1
IV a	5	0	0	2	1	1	1	1	2
b	3	0	1	1	0	0	2	2	2
c	4	1	1	3	0	0	0	1	1
d	3	0	0	1	0	0	2	1	1
Totaal	108	18	20	87	13	11	71	39	57
%	14,59	2,43	2,7	11,76	1,76	1,49	9,59	5,27	7,7

EA = emosionele aanwysings

1,2 & 3 = die drie evaluerings

Die emosionele aanwysings bestaan slegs uit die eerste drie groepe (I, II en III). Ondersoeker het die vierde groep (IV), naamlik die weglating van gesinslede, bygevoeg. Hierdie groep (IV) is nie bygetel by die emosionele aanwysings nie. Die emo-

sionele aanwysings is op die vaderfiguur gemaak en waar die vaderfiguur weggelaat was, is die emosionele aanwysings op die moederfiguur gemaak.

- a) Volgens die eerste evaluering openbaar die leesvertraagde leerlinge dat daar ernstige emosionele probleme teenwoordig is (vgl. par. 8.7.8.4.2). Indien drie of meer emosionele aanwysings op 'n tekening gemaak word, kan sulke leerlinge beskou word as leerlinge met emosionele probleme (Bachara, Zaba & Raskin, 1975-1976, p.220). Die uitskakeling van die emosionele probleme van die leerlinge van groepe A en B kan beskou word as van die redes waarom hierdie leerlinge se leesprobleme verbeter het (vgl. par.10.3.6.2.6; 10.3.6.2.12 & 10.3.6.3.2 b -k). Die voorkoms van emosionele aanduidings by die 37¹⁾ emosionele aanwysings word in tabel 10.8 aangebied.

Tabel 10.8

Hoeveelheid emosionele aanwysings

Groep A			Groep B			Groep C		
1	2	3	1	2	3	1	2	3
23	10	10	18	7	7	20	15	16

Waar : 1,2 & 3 die onderskeie evaluerings is.

1)Die agt en dertigste emosionele aanduiding (die spontane tekening van drie of meer figure) is weggelaat aangesien dit 'n gesintekening was.

Al drie groepe kan, volgens al drie evaluerings, beskou word as onderhewig aan emosionele probleme.

Met die tweede en derde evaluering het groepe A en B die aantal emosionele aanduidings verminder vanaf 23 en 18 tot 10 en 7 respektiewelik. Groep C het met die eerste evaluering 20 emosionele aanduidings gemaak en in die tweede evaluering 15. In die derde evaluering het groep C meer emosionele aanduidings gemaak as in die tweede evaluering. Dit wil voorkom asof groepe A en B groter voordeel uit hulle programme getrek het as groep C, aangesien baie van groepe A en B se emosionele probleme verminder het.

- b) Met die eerste evaluering het al drie groepe leesvertraagde leerlinge 'n buitengewone hoë persentasie beskaduwing van die gesig, lyf, ledemate, nek en hande gemaak wat as 'n aanduiding van angs en skuldgevoelens beskou kan word (Koppitz, 1968, p.57-58). Die voorkoms van die beskaduwing word in tabel 10.9 aangetoon.

Tabel 10.9

Voorkoms van beskaduwing

	Groep A			Groep B			Groep C		
EA	1	2	3	1	2	3	1	2	3
1c	6	2	2	4	2	2	2	1	2
1d	4	1	2	5	1	1	1	1	3
1e	5	2	1	2	0	0	6	3	5
Totaal	15	5	5	11	3	3	9	5	10
%	75	25	25	55	15	15	45	25	50

Al drie groepe het 'n daling van die beskaduwing vanaf die eerste tot die tweede evaluering gehad. Groep A en B het 'n groter daling (50% en 40% respektiewelik) gehad as groep C. Met die derde evaluering het groepe A en B se hoeveelheid beskaduwing konstant gebly, terwyl groep C se hoeveelheid toegeneem het tot op 'n vlak hoër as met die eerste evaluering. Groepe A en B het vermoedelik voordeel getrek uit hul programme, terwyl groep C minder of geen voordeel uit hul program geput het nie.

- c) Deursigtigheid van dele van die liggaam het by al drie groepe voorgekom met die eerste evaluering. Dit is opmerklik (vgl. tabel 10.8) dat al drie groepe 'n daling toon met die

tweede evaluering en dat die deursigtigheidstendens konstant gebly het met die derde evaluering. Groep C het 'n kleiner daling as die ander twee groepe behaal. Dit kan wees as gevolg van impulsiwiteit, onrypheid, akute angs (vgl. faktor Q4, par. 10.3.6.2.17), vrees en konflikte, wat weer belemmerend op die leesvermoë inwerk. Die vermindering van hierdie faktore het meegehelp om die leerlinge van groepe A en B beter te laat lees.

- d) Die drie groepe het met die eerste evaluering baie aandag gegee aan die tekening van die oë (vgl. par. 8.7.8.4.2): 30% van groep A, 35% van groep B en 25% van groep C. Hierdie leerlinge het 'n swak selfbeeld (Machover, 1949, p.146; Craddick, 1963, p.288-291), hulle is vermoedelik bewus van hulle swak leesvermoë en hulle het spesifieke visuele probleme (Bachara, Zaba & Raskin, 1975-1976, p.220-221). Met die tweede evaluering het slegs 10% van groep A en 5% van groep B uitermate aandag aan die oë gegee (vgl. tabel 10.8, IIc), teenoor 20% van groep C. Dit wil dus voorkom asof die program wat groepe A en B gevolg het, sommige van hulle

probleme meer effektief opgelos het as groep C se probleme deur hulle program. Met die derde evaluering het die persentasie gevalle van groepe A en B wat uitermate aandag aan die oë gegee het, dieselfde gebly as dié van die tweede evaluering, naamlik 10% en 5% respektiewelik. Daarenteen was daar by die derde evaluering by groep C 'n styging te bespeur deurdat 30% van die kinders baie aandag aan die oë gegee het. Dit is selfs 'n hoër persentasie as dié van die eerste evaluering. Die probleme van groep C het ondanks hul remediërende leesprogram toegeneem, terwyl die leerlinge van groepe A en B se leesvermoë verbeter het.

- e) Die tekening van tande saam met ander emosionele aanduidings kan beskou word as 'n aanduiding van aggressiwiteit (Koppitz, 1968, p.61-62; Shapiro, 1957, p.381-385). By leesvertraagde leerlinge word die aggressie vermoedelik teen die leesstof gerig. Die drie groepe het by die eerste evaluering tande tesame met baie ander emosionele aanduidings gebruik (vgl. par. 8.7.8.4.2). Met die tweede en derde evaluering (vgl. tabel 10.8) het beide groepe A en B 'n groot afname

in die tekening van tande getoon. Met die derde evaluering het groepe A en B dieselfde telling as met die tweede evaluering behaal, wat aandui dat hulle geen terugval gehad het nie. Groep C het egter by die derde evaluering 'n terugval gehad en hulle kon blykbaar nie hul aggressie in bedwang hou of uitskakel nie.

Vermoedelik was groepe A en B se leerlinge minder aggressief teen die lees-taak ingestel nadat hulle programme voltooi was. Dit het bygedra tot hulle verbeterde leesvermoë.

- f) Die weglating van hande impliseer een of meer oorsake wat angs by die kind teweegbring (Koppitz, 1968, p.61-62). Volgens die eerste evaluering (vgl. par. 8.7.8.4.2) het 30% van groep A en 25% van groepe B en C die hande in hul tekeninge weggelaat. Met die tweede evaluering het die voorkoms van die neiging om die hande weg te laat by al drie groepe skerp afgeneem: groep A 5%, groep B 0% en groep C 10%. Met die derde evaluering het die resultate konstant gebly met dié van die tweede evaluering. Angs het dus volgens hierdie evaluering by al drie groepe verminder, alhoewel die

vermindering by groep C nie so groot was as by die ander groepe nie (vgl. faktor Q4, par. 10.3.6.2.17).

- g) Die afsnyding of die weglating van die voete is 'n refleksie van die kind se algemene sin van onsekerheid en hulpeloosheid (Koppitz, 1968, p.68; Cohen, Money & Uhlenbuth, 1972, p.30-38). Volgens die eerste evaluering (vgl. par. 8.7.8.4.2) was die kinders se hulpeloosheid en onsekerheid opvallend, deurdat 30% van groep A, 40% by groep B en 25% van groep C se kinders die voete weggelaat het. Met die tweede evaluering het hierdie gevoelens van hulpeloosheid by groepe A en B heeltemal verdwyn deurdat hulle geen afsnyding van die voete gemaak het nie. Dit wil voorkom asof die program wat hierdie twee groepe gevolg het, hulle gebaat het. Met die tweede evaluering het 20% van groep C se kinders die voete afgesny. Die program wat hulle gevolg het, het hulle in hierdie opsig nie so baie gehelp nie. Met die derde evaluering het die konstante neiging by groepe A en B voortgeduur aangesien geen kind by groep A en slegs 1 kind of 5% van groep B se kinders die voete afgesny het. Hier-

die leerlinge se program het dus gehelp om hulle onsekerheid en hulpeloosheid konstant te verbeter. Daarenteen het 30% van groep C se kinders die voete weggelaat, selfs meer as met die eerste evaluering. Hierdie groep se program kon nie daarin slaag om die onsekerheid en hulpeloosheid by die kinders weg te neem nie.

Dit wil dus voorkom dat wanneer leerlinge se algemene sin van onsekerheid en hulpeloosheid verbeter, hulle leesvermoë ook verbeter, soos in die geval van die leerlinge van groepe A en B.

- h) Dit was opvallend dat met die eerste evaluering die kinders van al drie groepe nie baie geneig was om een van die gesinslede weg te laat nie (vgl. IV by tabel 10.7), behalwe groep A, waar 18,75% een van die gesinslede wegelaat het teenoor die 8,75% by groep B en 6,25% by groep C. Die meerderheid kinders was meer geneig om die vader (13,3%) weg te laat as die moeder (10%), broer of suster (11,67%) of om hulle self weg te laat (10%). Met die tweede en derde evaluering het die neiging om een van die gesinslede weg te laat by groepe A en B gedaal tot tussen 0 en 5%. Die ambiva-

lente houding van die twee-groepe teenoor die gesinslede het feitlik onbeduidend geword. Indien ambivalente houdings van leerlinge verander, beïnvloed dit hulle leesvermoë positief sodat die leesvermoë verbeter. By groep C het 5 kinders een van die gesinslede by die eerste en tweede evaluering weggelaat en by die derde evaluering het 6 kinders een van die gesinslede weggelaat.

10.3.6.4.3 Routellings, standaardtellings, kwaliteit-skaaltellings en persentielrange van die emosionele aanduidings

Routellings, standaardtellings, kwaliteit-skaaltellings en persentielrange van die emosionele aanduidings (Harris, 1963, p. 293-312) word in tabel 10.10 aangebied.

Tabel 10.10

Routellings, standaardtellings, kwaliteit-skaaltellings en persentielrange van die emosionele aanduidings

Groep A

Evaluerings	Routelling	Std. telling	Kwaliteit	P
1	32	96	5	39
2	47	109	7	73
3	48	108	7	68

Groep B

Evaluerings	Routelling	Std. telling	Kwaliteit	P
1	33	98	5	45
2	48	111	7	77
3	49	109	7	73

Groep C

1	34	99	5	47
2	44	105	6	63
3	44	102	6	55

Volgens tabel 10.10 blyk dit dat groepe A en B in staat was om baie van hulle probleme te oorkom as gevolg van die program waaraan hulle onderwerp was. Dit word gereflekteer in die styging van die standaardtellings, kwaliteit en persentielrang. Groep A het gestyg vanaf 'n persentielrang van 39 met die eerste evaluering tot 'n persentielrang van 73 met die tweede evaluering. Groep B se styging in dieselfde tydperk was vanaf 'n persentielrang van 45 tot 'n persentielrang van 77. Die terugval van die twee groepe met die derde evaluering was vanaf 'n P van 73 tot 68 vir groep A en 'n P van 77 tot 73 vir groep B. Hierdie twee groepe het dus besliste voordeel uit hul program getrek.

Aan die ander kant was groep C se vordering (vgl. tabel 10.10) nie so dramaties as wat die geval met groepe A en B was nie. Met die eerste evaluering het groep C 'n P van 47 gehad. Na die remediërende leesprogram het dié groep se P verbeter tot 63. Dié groep het dus ook baat gevind by hulle program. Groep C het egter met die derde evaluering teruggeval tot by 'n P van 55 wat swakker is as dié van groep A (P=68) en groep B (P=73) by dieselfde evaluering. Dit wil dus voorkom asof groep C nie so baie voordeel uit hulle program kon put as wat die geval met groepe A en B was nie.

10.3.6.5 'n Vergelyking van die drie evalueringe volgens die "Bristol Social Adjustment Guides" (BSAG)

10.3.6.5.1 Inleiding

Die ontleding en vergelyking van die twee gidse, naamlik "The child in the school" en "The child in the family" word afsonderlik bespreek (vgl. par. 7.4.5 en 8.7.9).

10.3.6.5.2 "The child in school"

Die ontleding van die tweede en derde evalueringe van hierdie vraelys word in die volgende drie kategorieë gemaak (vgl. par. 8.7.9 .2) : onderreaksie, oorreaksie en totaal.

Die gemiddelde tellings van die kernsindrome op die onder- en oorreaktiewe gedrag van die drie groepe met die drie evaluering word in tabel 10.11 aangebied, waarna die resultate vergelyk sal word.

Tabel 10.11

Die kernsindrome

Onderreaksie

Sindroom	Groep A			Groep B			Groep C		
	1	2	3	1	2	3	1	2	3
U	8,45	2,15	2,75	8,15	3,45	3,50	8,05	6,50	7,35
W	2,15	2,25	2,50	2,25	2,65	2,55	1,75	2,65	2,65
D	3,75	2,05	2,85	3,50	2,95	3,15	3,63	3,15	3,75
UR	3,63	2,85	2,75	3,78	3,45	3,25	3,48	3,50	3,35
Totaal	17,98	9,3	10,85	17,68	12,5	12,45	16,91	15,8	17,1
	<u>Oorreaksie</u>								
Q	12,05	3,90	4,15	11,75	3,75	3,85	11,35	7,25	9,2
H	8,75	2,25	2,3	9,05	2,65	2,75	8,45	4,65	5,15
PM	4,35	3,05	3,65	4,75	3,00	3,25	4,25	4,15	4,35
OV	4,63	3,75	4,15	4,12	3,45	3,5	3,75	3,65	4,25
Totaal	29,78	12,95	14,25	29,67	12,85	13,35	27,8	19,7	22,95

- a) Gedurende die eerste evaluering het die drie groepe leesvertraagde leerlinge hoë tellings op die kernsindroom "Unforthcomingness" (U) behaal (vgl. par. 8.7.10.2). Hierdie temperamentsprobleem van selfhandhawing veroorsaak 'n mislukking van bevatlikheid om nuwe situasies

of take die hoof te bied. Met die tweede evaluering het groepe A en B slegs 'n effense aanduiding van "Unforthcomingness" behaal. Volgens Stott (1976, p.11) en Lunzer (1960, p.4) toon die kinders dat hulle hulle nie maklik van situasies terugtrek nie, dat hulle oor inisiatief beskik en hulle vind dit maklik om op 'n prikkel te reageer. Kinders wat 'n lae telling op U behaal, is nie bevreesd vir nuwe take of om in vreemde situasies op te tree nie. Hulle vind dat hulle genoegsame liefde ontvang, terwyl hulle min angs in die leersituasie ondervind (vgl. faktor Q4, par. 10.3.6.2.17). Hierdie kinders tree ook normaal op in vreemde situasies (vgl. par. 10.3.6.2.4) en as gevolg van die feit dat hulle genoegsame liefde van die ouers ontvang en min angs in die leessituasie ondervind, het hulle leesvermoë verbeter.

Groepe A en B het ook met die derde evaluering 'n lae telling behaal. Dit wil dus voorkom asof hulle wel baat gevind het by die program.

Groep C daarenteen het deurgaans by al drie evaluerings hoë tellings behaal en hulle het dus minder voordeel getrek uit die program wat hulle gevolg het.

Hierdie groep kinders het, ten opsigte van hierdie kernsindroom U, baie min verander vanaf die begin van die ondersoek (vgl. par. 8.7.10.2). Hulle leesvermoë kon dus net terwyl hulle remediërende onderrig ontvang het tydelik verbeter het, maar omdat hulle nog steeds angs ondervind het en min oerliefde ontvang, het hulle leesvermoë weer verswak.

- b) Die drie groepe toon, volgens die drie evalueringe, dat hulle in 'n mindere mate geneig is om hulle terug te trek vanuit die sosiale omgewing (vgl. W op tabel 10.11).
- c) Op die depressiesindroom (D) het al drie groepe lae tellings behaal, wat aantoon dat hulle onderhewig kan wees aan gematigde depressie. Groep C het egter 'n neiging getoon om effens meer depressief te wees, deurdát hulle telling met die derde evaluering effens meer angs getoon het as gedurende die eerste twee evalueringe. Omdat groepe A en B se angs verminder het, het hulle leesvermoë verbeter terwyl groep C se vermeerderde angs hulle leesvermoë nadelig beïnvloed het.
- d) Op die nie-sindromatiese onderreaksie

UR het die drie groepe lae tellings behaal op die drie evaluerings, alhoewel groep C effense hoër tellings op die drie evaluerings behaal het. Dit bevestig hulle probleme op die U-sindroom, wat weer hulle leesvermoë nadelig beïnvloed.

- e) Op die oorreaktiewe sindroom Q (Inkonsekvensie), het die drie groepe buitengewone hoë tellings behaal. Volgens die "Diagnostiese Vorm", verhoed die temperamentele hindernis die kinders om die eerste response te onderdruk voordat hulle die moontlike gevolge van optrede behoorlik kon deurdink. Hulle tree op so 'n wyse op dat dit vir ander mense onaanvaarbaar is en word aggressief of dominerend wanneer hulle gefrustreerd raak. In die leersituasie maak hierdie kind gebruik van probeer-en-trefmetodes of van raaiery. Stewart (in Stott, 1976, p.20) bevind dat hierdie oorreaksie leesprobleme kan veroorsaak (vgl. par. 3.3.2.3).

Met die tweede evaluering het groepe A en B lae tellings op Q behaal wat aantoon dat hulle min of geen inkonsekwensieprobleme besit. Dié kinders toon ook dat hulle leesprobleme sodanig verbeter het dat hulle leesouderdom bokant hulle chronologiese ouderdom val (vgl. par.

10.3.2). By beide groep A en groep B was daar 'n geringe styging van inkonsekwensie met die derde evaluering. Vermoedelik het hulle frustrasie in die gesin en in die leessituasie sodanig verbeter dat hulle nie meer hul aggressie teenoor die leesstof toon nie en die gevolg is dat hulle leesvermoë verbeter het.

Groep C het deurgaans op die drie evaluerings hoë tellings op Q behaal, wat aantoon dat hulle hoog lê op die inkonsekwensieskaal. Met die derde evaluering het daar 'n insinking ingetree, nadat hulle met die tweede evaluering verbeter het. Oorreaktiewe gedrag kan dus nog meehelp om hulle leesvermoë te beïnvloed, (vgl. par. 10.3.6.4.2. e).

- f) Volgens die hoë tellings wat al drie groepe met die eerste evaluering op die sindroom Vyandigheid (H) behaal het, kan die probleem as ernstig beskou word. Hierdie kinders het vertroue in volwasse nes verloor moontlik as gevolg van uitdrukkings van verwerping of van werklike verwerping (vgl. par. 8.7.10.2). Die kinders probeer om 'n breuk te veroorsaak om hulle onveiligheid te verlig (Diagnostic Form).

Met die tweede en derde evaluering het groepe A en B lae tellings behaal, wat aantoon dat hulle nou slegs 'n effense mate van vyandigheid besit. Die program waaraan hulle onderwerp was, het heelwaarskynlik gehelp om hulle gevoel van vyandigheid te verminder.

Groep C het 'n middelmatige telling op beide die tweede en derde evaluering behaal met die derde evaluering heelwat hoër as die tweede. Die program waaraan hulle onderwerp was, kon nie geheel en al daarin slaag om hierdie groep (C) se vyandigheid te verminder nie.

Die drie groepe openbaar by al drie evaluering anti-sosiale en vyandige houdings teenoor ander kinders as gevolg van hulle onbedagsame, dominerende en bemoeisieke gedrag (Stott, 1976, p.11), volgens die groepe se tellings op FM behaal.

- g) Die drie groepe het redelike tellings op die nie-sindromatiese oorreaksie (OV) behaal, wat nou verwant is aan inkonsekwensie en vyandigheid.
- h) Volgens hierdie evaluering besit groep C by al die evaluering meer angs as groepe A en B. Ondanks die program wat groep C gevolg het, kon daar nie

in geslaag word om hierdie angs soveel te elimineer as wat met groepè A en B die geval was nie. Die gevolg was dat groep C se angs nog hulle leesvermoë nadelig beïnvloed het. Aan die ander kant het groepe A en B se angs sodanig verminder dat hulle leesvermoë verbeter het.

10.3.6.5.3 Vergelyking van die evaluering met "The child-in-the-family"-gids

a) Inleiding

Die tweede en derde evaluering van "The child in the family" is op dieselfde wyse uitgevoer as die eerste evaluering (vgl. par. 7.6.2 en 8.7.10.3). Vir die doel van hierdie ondersoek is die meting van die twee kompartemente apart gebruik.

b) Vergelyking van die resultate

Kompartement A bepaal die hoeveelheid en ernstigheid van die ongunstige faktore in die leerling se situasie, met ander woorde die invloed wat op die leerling uitgeoefen word.

Kompartement B meet die leerling se reaksies binne die huis, met ander woorde die graad waartoe die leerling wad dat hy self deur die gesinsomstande geaffekteer word.

Die resultate word aangebied soos in par. 8.7.10.3 beskrywe en in tabel 10.12 uiteengesit, waar die gemiddelde tellings van elke groep vir die drie evaluerings gegee word onder die kolomme 1,2 en 3. Die verklaring van die simptome word in hoofstuk 8.7.10.2 gegee.

Tabel 10.12

Gemiddelde voorkoms van die simptome op die "Child in the family"-vraelys

Komponent A

Nadelige elemente in die gesinsituasie

i) Die moeder se houding teenoor die kind

simp- tome	maks. punte	Groep A			Groep B			Groep C		
		1	2	3	1	2	3	1	2	3
X	9	4	2	2	5	3	2	4	3	5
DI	17	14	6	7	12	5	5	13	15	14
HX	23	18	4	3	16	2	3	17	18	18
L	13	9	3	2	8	1	2	10	11	11
Totaal	62	45	15	14	41	11	12	44	47	48

ii) Die vader se houding teenoor die kind

X	5	3	1	1	3	0	1	2	3	3
HX	39	28	2	4	29	4	6	25	27	29
L	10	6	0	1	5	1	0	6	9	7
Totaal	54	37	3	6	37	5	7	33	39	39

X = angstig, oorbegaan

DI = prikkelbaar, depressiewe nie-verdraagsaamheid

HX = vyandigheid, angstigheid

L (i) = verlies van moederlike gevoel

L (ii) = verlies van vaderlike gevoel

Volgens die resultate van die eerste evaluering blyk dit dat die moeders van die kinders van al drie groepe 'n baie sterk neiging het om die kinders tydelik te verwerp wanneer hulle (die moeders) depressief of uitgeput is (vgl. hoë HI-telling op tabel 8.10). Hierdie neiging van die moeders oorvleuel met die resultate van HX (vyan-digheid- angskonflik) waar die moeders die kinders op emosionele wyse verwerp (vgl. par. 8.7.10.2).

Dit is opmerklik dat die tellings van groepe A en B met die tweede en derde evaluerings by DI (prikkelbaar depressiewe nie-verdraagsaamheid) drasties verminder het. Daar is ook 'n neiging van konstantheid tussen die tweede en derde evaluerings deurdat die resultate nie noemenswaardig verskil nie. Dit kom dus voor dat die moeders van groepe A en B baie gebaat het by die voorligtingsprogram wat hulle gevolg het. Die moeders slaag daarin om hulle kinders nie te verwerp wanneer hulle depressief voel of moeg is nie. Dit kan ook wees omdat die moeders hulle kinders nou beter aanvaar.

Die resultate van DI oorvleuel met die resultate van die tweede en derde eva-

luerings van HX, waar daar ook 'n skerp daling in die resultate merkbaar is. Hierdie moeders verwerp nie meer hulle kinders op emosionele wyse nie, moontlik omdat die verhouding met hulle kinders nou beter is of omdat hulle hul kinders nou beter aanvaar.

Groep C daarenteen toon geen verbetering by DI en HX met die tweede en derde evaluering nie. Dit is baie duidelik dat die program wat hierdie groep se kinders gevolg het, die moeders in geen opsig gehelp het nie. Die moeders is nog in dieselfde mate geneig om hulle kinders te verwerp.

By die X-konflik (angstige oorbekommernis) het groepe A en B se tellings by die tweede en derde evaluering ook verminder. Hierdie moeders is nou minder bevrees dat hulle hul kinders se liefde gaan verloor.

Groep C se resultate het met die tweede evaluering van X 'n effense daling getoon, maar met die derde evaluering het die resultate tot 'n hoër vlak gestyg as met die eerste evaluering. Die remediërende onderrig wat groep C ontvang het, kon die ouers van hierdie kinders nie help om dié konflik te verbeter nie.

Met die tweede en derde evaluering het die resultate van L (verlies van moederlike gevoel) by groepe A en B afgeneem, met ander woorde hierdie moeders se gevoel vir hulle kinders het verbeter. Groep C se resultate gedurende hierdie twee evaluering toon dat die verlies aan moederlike gevoel teenoor hul kinders nie afgeneem het nie. Dit is dus slegs groepe A en B wat by die L-konflik baat gevind het by die onderskeie programme.

Met die tweede en derde evaluering toon die vaders van groepe A en B dat hulle hul vrees om hulle kinders se liefde te verloor oorbrug het (vgl. lae telling op X in tabel 10.(ii)). Die vaders van groep C het egter geen baat by hulle kinders se program gekry nie, aangesien hulle X-tellings hoog is.

Met die eerste evaluering het die vaders van al drie groepe die kinders op 'n emosionele wyse verwerp (vgl. par. 8.7.10.2). Met die tweede evaluering het groepe A en B die konflik feitlik uitgeskakel, maar daar was 'n effense toename met die derde evaluering. Hierdie vaders het dus baie baat gevind by die program. Die vaders van groep C het geen baat gevind wat die konflik be-

tref deur die program van hulle kinders nie, aangesien hulle by al drie evaluerings hoë HX-tellings behaal het.

Die eerste evaluering het getoon dat al drie groepe vaders nie die nodige liefde vir hulle kinders openbaar nie of jaloers is op hulle (vgl. hoë L op tabel 10.12 (ii)). Met die tweede en derde evaluerings het groepe A en B se vaders egter getoon dat hulle wel die vermoë besit om liefde aan hulle kinders te gee. Groep C se vaders het egter geen verbetering getoon as gevolg van die program wat hulle kinders gevolg het nie, want hulle het deurgaans hoë tellings op L behaal.

Die resultate van komponent B (die kind se reaksie teenoor die gesinsituasie) word in tabel 10.13 aangetoon.

Die feit dat die ouers minder angstig, oorbegaan, prikkelbaar, vyandig teenoor die kinders en meer liefdevol was, het die leesvermoë van die kinders van groepe A en B sodanig beïnvloed dat verbeterde leesvermoë gevolg het. Groep C se leerlinge het daarenteen hierdie eienskappe gemis en het 'n groter verlies in leesvermoë geopenbaar as die ander groepe.

Tabel 10.13

Komponent B : Die kind se reaksie teenoor die gesinsituasie

i) Die kind se houding teenoor die moeder

Simp- tome	Maks. punte	Groep A			Groep B			Groep C		
		1	2	3	1	2	3	1	2	3
X	11	8	3,5	3,0	8,05	2,5	2,8	7,13	7,5	8,75
HX a)	5	1	1	1	1,05	1	1	2,05	2,5	2,5
b)	38	31	3,85	4,5	29,35	4,5	4,85	29,69	29,75	30,25
c)	18	10	2,5	2,75	9,0	1,25	2,50	10,50	9,5	10,5
E a)	5	2,33	0	1	2,23	1	1	2,91	2,50	2,25
b)	11	9,12	1,5	1,25	8,95	2,25	2,0	8,05	9,50	9,25
c)	26	13,59	0	0	12,93	0	2,5	14,11	15,25	17,0
Totaal	114	75,04	12,35	13,5	71,56	12,5	16,65	74,44	76,5	80,5

X = angstig, oorbegaan

HX = vyandigheid - angkonflik

a) = matige of periodieke angs en haatdraendheid

b) = hoë angs met verwerpingsgedrag van 'n emosionele aard

c) = buitengewone vyandige verwerping wat met vervreemding ooreenstem

E = vervreemding

a) = gebrek aan besorgdheid

b) = beminlike inhibisie

c) = ernstige beminlike inhibisie

ii) Die kind se houding teenoor die vader

X	7	3,74	2	2	3,11	2,5	3,0	2,91	2,5	2,5
HX	10	8,87	4,5	4,0	8,0	3,5	4,25	8,89	7,75	8,0
E	16	11,91	2,5	3,25	10,23	3,5	3,5	11,65	11,5	12,25
Totaal	33	24,52	9,0	9,25	21,34	9,5	10,75	23,45	21,75	22,75

iii) Die kind se algemene gesinsonveiligheid

UP a)	10	4,69	2	2	5,23	1	1,5	4,16	5,5	5,25
b)	16	12,38	2,5	3,25	13,06	2	2	11,32	10,5	10,75
c)	9	7,9	1,5	1,0	6,34	1,0	1,0	6,69	5,5	5,5
d)	15	11,74	2	2,5	12,12	3,75	4,0	10,36	10,5	11,25
Totaal	50	36,71	8,0	8,75	36,75	7,75	8,5	32,53	32,0	32,75

UP = die leerling se algemene gesinsonveiligheid

a) = soeke na ouerlike plaasvervanger

b) = angs vir goedkeuring - aanvaarding deur ander kinders

c) = vermyding

d) = veelsortige simptome van gesinsonsekerheid.

iv) Spanningsimptome by die kind

Simp- tome	Maks. punte	Groep A			Groep B			Groep C		
		1	2	3	1	2	3	1	2	3
SN	-									
SD	22	17,96	3,25	3,55	16,74	4,5	5,25	15,91	16,0	16,25
SR	11	8,63	2,45	2,3	8,1	2,0	2,25	7,49	8,0	8,5
Soma- ties	-									

SN = senuweeagtigheid en "unforthcomingness"

SD = depressie

SR = vlug van die situasie af ("verwyderingsimptome")

Met die eerste evaluering het al drie groepe 'n hoë telling op X (angstig, oorbegaan) (vgl. tabel 10.13(i)) behaal. Hulle toon hiermee dat hulle bevrees is dat hulle dalk hul moeders kan verloor en is in 'n stadium van misnoedigheid en vyandigheid (vgl. par. 8.7.10.2).

Met die tweede en derde evaluering het hierdie vrees by groepe A en B baie afgeneem, vermoedelik vanweë die veranderde houding van hulle moeders. Groep C het by die tweede en derde evaluering nog die vrees gehad dat hulle hul moeders kon verloor.

Al drie groepe toon met die eerste evaluering dat hulle 'n vyandige gevoel teenoor hulle moeders het (vgl. tabel 10.13 (i), HXc). Hierdie vyandige gevoel teenoor die moeders het by die tweede en derde evaluering van groepe A en B heeltemal afgeneem (by groep A vanaf 10 tot 2,5 en 2,75 en by groep B vanaf 9,0 tot 1,25 en 2,5). Groep C se vyandige gevoel teenoor hulle moeders het by die tweede en derde evaluering glad nie afgeneem nie (vanaf 10,5 tot 9,5 en 10,5 by die tweede en derde evaluering). Die kinders van groepe A en B het meer voordeel geput uit die

die voordeel wat die kinders van
ervaar het met remediërende leeson
Remediërende leesonderrig kon dus n.
in slaag om die vyandige gevoel van c
kinders teenoor hulle moeders weg te n
nie. Groep C se kinders toon dat hulle
glad nie 'n warm verhouding met hulle
moeders het nie en min lojaliteit teenoor
hulle openbaar (vgl. hoë E c op tabel
10.13 (i)).

Met die eerste evaluering het die kinders
van al drie groepe 'n sterk mate van vy-
andigheid teenoor hulle vaders getoon
(vgl. par. 8.7.10.2). Hierdie gevoel
van vyandigheid het met die tweede en
derde evaluerings by groepe A en B heelte-
mal afgeneem. Die vyandigheidsgevoel by
groep C teenoor hulle vaders het egter met
die tweede en derde evaluerings dieselfde
as die aanvanklike gevoel gebly. Reme-
diërende leesonderrig kon dus nie daarin
slaag om die vyandige gevoel teenoor die
vaders weg te neem nie. Nadat die pro-
gramme van die drie groepe gestaak is, het
groep C 'n groter mate van terugval getoon
as wat die geval by groepe A en B was.

Byna die helfte van die kinders van die
drie groepe leesvertraagde leerlinge soek
na ouersubstitute, wat geassosieer kan

word met onderlinge vyandig-angstige houdings tussen ouers en kinders (vgl. hoë UP a telling, par. 8.7.10.2). Die kinders voel onseker oor waar hulle met hulle eie ouers staan en soek tussen hulle maats 'n plek om aanvaar te word (vgl. hoë UP b telling). Die kinders voel verwyderd van hulle ouers (vgl. hoë UP c telling). By groepe A en B het die gevoelens met die tweede en derde evaluering afgeneem, vermoedelik as gevolg van die ouers se veranderde houdings. Groep C het met die tweede en derde evaluering egter geen veranderde houding getoon nie. Met die derde evaluering was daar egter 'n agteruitgang te bespeur.

'n Ontleding van die somatiese simptome word in tabel 10.14 uiteengesit.

Tabel 10.14

Persentasie somatiese simptome aanwesig

Simptome	Groep A			Groep B			Groep C		
	1	2	3	1	2	3	1	2	3
Enurese	10	1	1	5	0	0	10	5	7
Hoofpyn; chroniese pyn	25	2	3	20	3	3	20	12	16
Ontsteking: longe, oor, neus	30	25	28	35	38	36	30	22	28
Swak koördinasie	20	4	4	25	5	6	25	14	21
Swak spraak	30	3	3	20	4	4	25	12	19

Die kinders van groepe A en B het met die tweede en derde evaluerings baie minder somatiesiese probleme as groep C se kinders getoon. Dit is duidelik dat die somatiesiese probleme van die kinders deur die ouers van groepe A en B se veranderde houdings verbeter is.

Vermoedelik kan die simptome van ontsteking in hierdie ondersoek nie as somatiesies beskou word nie, aangesien daar baie min verbetering by al drie groepe ingetree het.

10.3.6.6 Skooleksamens

Die skoolrekords van die drie groepe leesvertraagde leerlinge word in tabel 10.15 aangebied. Volgens 'n ontleding van die drie groepe se skoolvordering vanaf klas 1 tot en met standerd 3, was dit duidelik dat hulle vanaf die aanvangsonderwys probleme ondervind het met Engels as Eerste Taal (vgl. par. 8.7.11 en tabel 8.22). By die aanvang van die ondersoek was die helfte van die leerlinge in st. 3 en die ander helfte in st. 4. Aan die einde van die ondersoek (na 18 maande) was die kinders in st. 4 en 5 (vgl. par. 6.3.3). Vanaf st. 1 het al drie groepe 'n sterk daling in Engels en Wiskunde getoon.

Tabel 10,15

Skooleksamens : Engels, Tweede Taal en Wiskunde

Vak / st.	Groep A			Groep B			Groep C		
	3	4	5	3	4	5	3	4	5
Engels Eerste Taal	43,2	59,6	61,4	44,7	58,8	60,3	45,1	52,6	50,3
Afrikaans Tweede Taal	49,5	60,3	58,4	50,4	58,6	59,3	51,3	57,8	55,2
Wiskunde	47,6	56,7	57,4	49,1	58,4	59,8	50,6	53,2	52,1

Waar die algemene neiging by die drie groepe tot op standaard drie-vlak 'n dalende neiging getoon het, het groepe A en B by Engels en Wiskunde in standerds 4 en 5 'n stygende tendens getoon. Vanaf st. 3 was daar 'n skerp styging na st. 4. Groep C se styging in standaard 4 was nie so goed as die van groepe A en B nie. In st. 5 het groep C egter weer 'n dalende neiging in Engels geopenbaar.

10.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ten aanvang gemeld dat die tweede en derde evaluering op dieselfde wyse afgeneem is as die eerste evaluering. Dieselfde toetse wat met die eerste evaluering gebruik is, is vir die tweede en derde evaluering gebruik. Die tweede evaluering het 'n jaar na die eerste evaluering plaasgevind en die derde evaluering is 'n jaar en nege maande na die eerste evaluering toegepas. In die nege maandetydperk tussen die tweede en derde evaluering het geeneen van

die drie groepe enige hulp ontvang nie.

Die leeskwosiente by die drie evaluering is met mekaar vergelyk, waarvolgens dit geblyk het dat groep A (slegs ouervoorligting) en groep B (ouervoorligting en remediërende leesonderrig aan die kinders) 'n groter verbetering van die leesvermoë getoon het as groep C (slegs remediërende leesonderrig aan die kinders).

Die verbetering van die leesvermoë is vergelyk en dit is statisties bewys dat voorligting aan die ouers van leesvertraagde leerlinge die leesvermoë van sulke kinders kan verbeter. Hierdie verbetering is groter as wat die verbetering is van remediërende leesonderrig alleen aan die kinders. Die hipotese dat voorligting aan ouers die leesvermoë van leesvertraagde kinders verbeter en beter resultate verskaf as remediërende leesonderrig, kan dus aanvaar word (vgl. par. 10.3).

Die langtermynverbetering van groep A is ook beter as dié van groep C. Dit kan aanvaar word dat groep A se langtermynverbetering beter is as dié van groep C waar slegs die kinders remediërende leesonderrig ontvang het (vgl. par. 10.3).

Die leesverbetering van groep B is ook baie beter as dié van groep C (vgl. par. 10.3). Dit kan dus aanvaar word dat voorligting aan ouers en remediërende leesonderrig aan die kinders 'n beter metode is om die leesvermoë van kinders te verbeter as dié van remediërende leesonder-

rig alleen.

Volgens 'n vergelyking van die ander toetse is dit vasgestel dat daar by die voorligtingsgroepe na die ondersoek afgehandel is, beter gesinsverhoudinge aanwesig is en dat die kinders van hierdie groepe (A en B) emosioneel rustiger is as voor die ondersoek.

Volgens 'n ontleding van die kinders se skoolvordering is dit duidelik dat die twee voorligtingsgroepe nie net wat die leesvermoë betref nie beter vordering as die remediërende leesonderrigsgroep getoon het, maar dat die verbetering ook op akademiese vlak aanwesig was.

In hoofstuk 11 word die ondersoek kortliks saamgevat en sekere gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die studie voortvloei, word gemaak.